

ST. OLYMPIAS

17 DESEMBER

(c. 366 - c. 408)



Hierdie besondere vrou was uit die hoogste kringe van die samelewing afkomstig en getroud met die prefek van Konstantinopel. Toe hy sterf weier dié ryk jong weduwee om weer te trou; sy raak bevriend met die heilige Johannes Chrysostomos, word 'n diakones en stig 'n gemeenskap van vroue wat hulleself tot maagdelikheid verbind het. Sy bly 'n getroue ondersteuner van Chrysostomos deur al die moeilike jare van godsdienstige woelinge toe hy in onguns was by die keiserlike hof en verban is. Ook sy moes vervolging verduur en toesien hoe haar gemeenskap deur die Kerklike owerhede ontbind en uitmekaar verjaag is. Deurgaans het haar opregte Christelike gesindheid en liefde vir almal, veral ook vir haar vyande, mense besiel en diep aangeraak.